

PUBLIKASIES VAN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

NUWE REEKS

Nr. 39

DIE MESSIAS IN DIE SALIGSPREKINGE

deur

PROF. S. P. J. J. VAN RENSBURG

Intreerede by die aanvaarding van die Professoraat in die

Departement Nieu-Testamentiese Wetenskap

(Fakulteit Teologie, Afd. A),

gelewer op 23 September 1966.



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA,

PRETORIA

1967

Hierdie publikasie en die publikasies wat agter in hierdie publikasie
vermeld word, is verkrygbaar by:

Van Schaik's Boekhandel (Edms.), Bpk.
Burnettstraat 1096,
Hatfield,
Pretoria.

Prys R0.50

REDAKSIEKOMITEE

Prof. dr. B. F. Nel (*Voorsitter, Navorsings- en
Publikasieskomitee*)

Lede: Prof. dr. D. G. Haylett
Prof. dr. G. Cronje

*Die publikasie van hierdie reeks word moontlik
gemaak deur fondse wat deur die Universiteit
van Pretoria aan die Navorsings- en Publika-
sieskomitee beskikbaar gestel word.*

OUTEURSREG
VOORBEHOU

DIE MESSIAS IN DIE SALIGSPREKINGE

Zusammenfassung

Der Messias in den Seligspreisungen

Die Seligspreisungen die wir als Teil der Bergrede in Mt. 5 finden wollen nicht verstanden werden als Gebote eines neuen Gesetzes, die nur für die Vollkommenen gelten und derer Erfüllung ein besonderes Verdienst haben; auch nicht als eine Reihe von moralischen Regeln, auch nicht als Zusammenfassung von Jesu Lehre. Das Moralische ist nicht das Wesentliche des Evangeliums. Die Seligspreisungen wollen auch nicht als eine hochgespannte und eine unerfüllbar — hohe Interims-ethik gelten, auch nicht als Verherrlichung von besonderen menschlichen Tugenden. Wie im ganzen Matthäusevangelium und in der Bergrede wird auch in den Seligspreisungen der Messias verkündigt, und in Ihm die Königsherrschaft Gottes. Das wird hier auf indirekter und verhüllter Weise getan. Der Messias selber spricht hier. Eine Erklärung der Seligspreisungen bringt ans Licht dass hier der Messias sich selbst ankündigt und die Gaben des Gottesreiches anbietet. Also nicht Gebot sondern Angebot. Dieser Messias ist der leidende Gottesknecht. Und er preist Menschen selig, nicht kraft ihrer Tugenden oder kraft ihres Verdienstes, sondern kraft dessen was sie nicht haben, kraft ihres Elendes und ihrer Not, denn in ihrem Elend und ihrer Not sind sie empfänglich für die Gaben des Messias. Die gewaltigen Paradoxen der Seligspreisungen widersprechen jede gradlinige Selbstverständlichkeit. Die Betonung des freien Angebotes der Gaben des Reiches verursacht jedoch nicht ein sittliches Vakuum, ein passives Glaubensquietismus. Wenn wir auf dieses Angebot des Messias antworten mit Glauben, Gehorsam und Dankbarkeit, dann bedeutet es eben die höchste Aktivität.

Mnr. die Rektor, here lede van die Raad van die Universiteit, mnr. die Dekaan, dames en here lede van die Senaat en ander dosente, lede van die Kommissie van die Hoogerwaarde Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk, lede van die Kuratorium, weleerwaarde here Predikante, dames en here, dames en here Studente . . .

Ons onderwerp by hierdie geleentheid is:

Die Messias in die Saligsprekinge.

1. Inleiding

Die Saligsprekinge, soos ons hulle vind in die vyfde hoofstuk van die Mattheüsevangelie is een van die bekendste gedeeltes van die Skrif. En tog is, wat die uitleg en verstaan daarvan betref, die saak nie eenvoudig nie. Dit word duidelik as ons enkele grepe doen uit die geskiedenis van die uitleg van die Bergrede. Sedert die dae van die Kerkhervorming was die Bergrede, Matt. 5-7 één van die mees-besproke gedeeltes van die Heilige Skrif, en is daar geworstel om die regte verstaan daarvan. Sedert die Konsilie van Trente (1545-63) het dit in die Rooms-Katolieke Kerk as geloofsreël gegeld dat Jesus nie alleen Verlosser is nie, maar ook Wetgewer.¹ Hier is die Bergrede dan gesien as nuwe wet wat slegs vir die volmaaktes geld. Vir die nakom van hierdie wet is 'n besondere loon en verdienste toegeken. Maar reeds in 1532 het Luther van hierdie uitleg gesê dat die Satan geen Skrifgedeelte skandeler verdraai het om daaruit 'n valse leer af te lei nie. Die Doopsgesindes onderleiding van Menno Simons het die Bergrede gesien as samevatting van die Evangelie, en het as gemeente van heiliges hulle van alle betrekkinge met die staat onttrek, omdat dit onverenigbaar sou wees met die Bergrede. In die 17de eeu is die Bergrede deur die sektes sterk na vore gebring om te geld as 'n stel lewensreëls, as 'n morele kode bv. by die Kwakers in Engeland. In die Protestantse teologie het die Rasionalisme en die Humanisme die oorhand gekry, en veral by die eintlike rasionaliste van die 18de eeu is nadruk gelê op die leer en die deug wat Jesus verkondig het. Die Bergrede was 'n nuwe wet wat alles moes reël. Uit hierdie invloede is te verklaar dat die „moderne” teoloë van die 18de eeu Jesus geëer het as leraar en voorbeeld, en hiervoor het hulle nadruk gelê op die Bergrede as samevatting van Jesus se leer. Die Bergrede is die moraal van die humane mens, en die moraal is die essensie van die Evangelie. Teoloë soos Johannes Weiss en Albert Schweitzer het die mening gehuldig dat die Bergrede uitgespreek is onder verwagting van 'n nabye wêreld-einde, en dat dit bedoel is as 'n interims-etiek wat slegs betekenis het vir die kort

tydjie wat oor is vir hierdie wêreldbedeling. Die eise van hierdie hooggespanne interimsetiek sou dan in elk geval onuitvoerbaar wees.² Die oordeel van die sistematikus W. Hermann is dat die bedoeling van die Bergrede nie is om sedelike voorskrifte te gee nie, maar om deur haar paradoksale uitsprake die gesindheid van die mens in 'n ander rigting te lei. J. Stange sê dat die Bergrede die besef van sonde en verloreheid wil wek, om so tot oorgawe aan Jesus te bring. Daarteenoor oordeel die nuwetementikus H. Windisch dat Jesus bedoel het dat die eise van die Bergrede beskou moet word as uitvoerbare bevels. Origenes het die Bergrede oor 'n groot deel van die wêreld erkenning gekry as die hoogste norm vir die menslike sedelike handeling. Hiervolgens sou die Saligsprekinge dan gesien kan word as 'n lofsang op besondere menslike deugde. Hierdie enkele grepe uit die geskiedenis van die uitleg is voldoende om 'n indruk te gee van die groot variasie in die uitleg van die Bergrede, en daarmee ook van die Saligsprekinge.

2. Karakteristiek van die Mattheüs-evangelie na vorm en inhoud.

Die Saligsprekinge soos ons hulle vind in Mattheüs 5, moet na vorm en inhoud as 'n hegte eenheid beskou word, as 'n strofe in digvorm, met 8 sintetiese parallelismes telkens weer in die vorm van: „Salig . . . want”. Die agste van hierdie getal, oor die vervolgedes word in Matt. 5:11, 12 herhaal, maar dan in die tweede persoon gestel: „Salig is julle!” In werklikheid is daar dus 8 saligsprekinge wat as geheel bedoel word, en daarom moet elke onderdeel uitgelê word in verband met die geheel. Maar die saligsprekinge in Mattheüs 5 is weer 'n onderdeel van 'n groter geheel. Dit vorm nl. die inleiding op die Bergrede, Mattheüs 5-7. Ook dit moet in aanmerking geneem word by die uitleg; want die Evangelis Mattheüs het sy Evangelie volgens 'n bepaalde plan opgestel. Hy het met sy stof soos 'n argitek te werk gegaan en het sy evangelie volgens duidelike lyne tot 'n eenheid opgebou. Hy het daarin gelyksoortige stof bymekaar gevoeg. So is bv. die woorde en redevoeringe van Jesus in 5 versamelinge byeengebring, waarvan die Bergrede die eerste is. Met hierdi komposisie van sy stof wou Mattheüs 'n bepaalde teologiese aksent in sy Evangelie lê. Van die begin af was dit

sy bedoeling om die Messias te verkondig wat aan die vaders beloof is. Dit is die beheersende gedagte in hierdie Evangelie. Daarom word telkens weer die aandag daarop gevestig, deur baie van die 47 sitate uit die O.T. dat die beloftes aangaande die Messias in vervulling gegaan het. En so is dit inderdaad moontlik om die inhoud en strekking van die hele Evangelie van Mattheüs vanuit hierdie gesigspunt te sien, nl. dat dit gaan om die Messias en in Hom om die *basileia*, die koningsheerskappy van God. Reeds in die eerste vers, in die geslagsregister van Jesus, verneem ons dat dit gaan om Jesus die Messias, die Christus, die Seun van Dawid. En so kan die inhoud van hierdie Evangelie dan ook van uit hierdie gesigspunt as volg weergegee word: Die voorgeskiedenis van die Messias, Mattheüs 1-4, die Messias van die Woord, Mattheüs 5-7; die Messias van die daad, waar 'n reeks wonder van Jesus byeengebring is, Mattheüs 8-9; die Messiaanse uitsendingsrede Mattheüs 10; die gelykenisse van die Koninkryk, Mattheüs 13; die strafrede teen die Fariseërs, wat die kern gevorm het van die teenstanders van die Messias, Mattheüs 23. In Mattheüs 24-25 spreek Jesus oor die Messiaanse voleinding, en dan word verder gehandel oor die Messias wat deur sy dissipels bely word, deur die Jode verwerp en vermoor, maar deur God opgewek en verheerlik word.

Maar as dit dan deurgaans die bedoeling van die Evangelis was, om die *Messias* te verkondig, dan kan dit 'n belangrike vingerwysing wees na die regte uitleg en verstaan van onderdele van die Evangelie, bv. van die Bergprediking in Mattheüs 5-7, en in die besonder ook van die Saligsprekinge. Is dit bv. moontlik dat die Evangelis met sy komposisie van die Bergrede en daarmee ook van die Saligsprekinge dieselfde bedoeling gehad het as in die Evangelie as geheel? Met ander woorde, kon dit vir hom ook in hierdie onderdeel, nl. die Saligsprekinge gaan om die aankondiging van die Messias in wie die Koninkryk, die Godsheerskappy gekom het? Kan dit wees dat ons hier nie te doen het met die beskrywing van besondere menslike deugde of verdienstes nie, maar met die Messias, wat die gawes van die koninkryk aanbied? Hierdie moontlikheid mag nie buite rekening gelaat word nie, gesien die beheersende gedagte in die Evangelie as geheel.

3. Die literêre vorm en funksie van Saligsprekinge in die Nuwe Testament.

Die Saligsprekinge of Makarismes as 'n besondere vorm van uitsprake kom dikwels in die Ou Testament en in die Nuwe Testament voor. Daar is egter opmerklike verskil in die funksie en betekenis van die Makarismes in Ou Testament en Nuwe Testament. In die Ou Testament word die inhoud van die Saligsprekinge bepaal deur heersende wense en ideale. Hulle behoort tot die lewenswysheid van die Ou Testament, en is daarom kenmerkend van die wysheidsliteratuur. Die saligheid waarvan hier gespreek word, is lewensvervulling, die ware geluk in die wydste sin. So kry 'n mens dan in die Ou Testament naas sekulêre saligsprekinge ook religieuse saligsprekinge. Die Ou Testamentiese saligsprekinge betrek sig op aardse goedere, op vrou en kinders, skoonheid, rykdom, eer en besit, maar ook op religieuse goedere soos wysheid en vroomheid: wat gawes van God is. Salig is die vromes wat as godsvolk deur God uitverkies is. Salig wie se sondes vergewe is. Salig is die vromes in lyding. Dus 'n naasmekaar van sekulêre en religieuse Makarismes.

In die Nuwe Testament is dit anders. Hier word die woordgroep vir „salig” daardeur gekenmerk dat dit *heeltemal oorwegend* betrek is op die enige religieuse blydskap wat die mens geniet, deurdat hy deel het aan die heil van die Godsryk. Die Nuwe Testament verkies om in die saligsprekinge die woord *makarios* predikatief voorop te stel, waarop dan volg met bepaalde lidwoord, die persoon wat salig geprys word, bv. *makarioi hoi praeis*. Hierop volg dan 'n bysin, ingelei met *hoti*=want, wat die saligheid fundeer of beskrywe. Anders as in die Ou Testament behoort die Saligsprekinge hier nie tot die wysheidsliteratuur nie, maar tot die eskatologiese verkondiging.³ Hulle word meesal in die derde persoon gestel. Die Hebreuse ekwiwalent van *makarios* is die woord: *'ashrē*. Formeel lyk die woord *'ashrē* na 'n statuskonstruktus, meervoud, wat verbind word met die volgende nomen, sodat ons dit kan weergee as: O! die geluk van . . . bv. O die geluk van die treuendes, want hulle sal vertroos word! So bring die Saligsprekinge in die vorm van 'n uitroep: (O die geluk van . . .) sterk tot uitdrukking die hoë spanning en die intense blydskap wat die aanbreek van die

heilstyl in die siele bring, vgl. Opb. 19:9: „Salig is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam,” vgl. Mattheüs 5:3 vv. Dit gaan hier nie om etiek of moraalprediking, wat beantwoord aan menslike denke en waardering of 'n rasonele vanselfsprekendheid nie. Want in die Saligsprekinge word dikwels op paradoksale wyse dié mense gelukkig geprys, wat na die maatstaf van die wêreld ellendig en ongelukkig genoem moet word: die armes, die treuendes, die wat verslae van gees is, die hongeriges en dorstiges, die vervolgd. So bevat die Saligsprekinge van die Nuwe Testament dikwels geweldige paradokse, (vgl. Matt. 5:3-6; Joh. 20:29: Jesus sê aan Thomas: Salig is dié wat nie gesien het nie en tog geglo het; en 1 Petr. 3:14; 4:14: As julle beledig word oor die Naam van Christus, is julle gelukkig). In hierdie paradokse word die Geheel-Ander een dié enige van die koninkryk van die hemele aangedui. Von Dobschütz het tereg opgemerk dat die religieuse paradoks in die wese van die Christendom lê, waar die heilige God Hom wend tot die sondige en verlore mens om hom te red. Hierdie paradokse is vreemd aan alle reglynige vanselfsprekendheid. Teenoor die één hoogste waarde tree alle ander waardes en goedere geheel op die agtergrond. Die alles-oortreffende waardering bring mee 'n „Umwertung”, 'n herwaardering van alle waardes. Dit kom tot uitdrukking in die geweldige paradokse van die Saligsprekinge. In die boek Openbaringe het ons bv. sewe saligsprekinge wat, soos hulle staan teenoor die veertien weëe gelaai is met die spanning van die laaste tyd, wat dus gerig is op die eskatologiese voleinding (vgl. Op. 14:13: Skryf — Salig is van nou af die dode wat in die Here strewe . . . ens.). Hierdie algemene karakteristiek van die saligsprekinge in die Nuwe Testament gee ons rede om te vermoed, dat ons ook in die saligsprekinge van *Mattheüs 5* nie maar te doen het met eis of gebod of nuwe wet of hoë etiek nie, maar met die selfaankondiging van die Messias en met sy aanbod van die gawes van die koninkryk, met die eskatologiese voleinding. Mense word hier salig geprys, nie op grond van deugde en verdienstes wat hulle het nie, maar op grond van wat hulle nie het nie, op grond van 'n verlanget en 'n ontvanklikheid vir die gawes van die Koninkryk, 'n ontvanklikheid wat deur God vervul sal word.

4. Die Messias in die Voorgeskiedenis, Matthéus 1-4.

Hoe word daar gesprek van die Christus wat in ons Saligsprekinge aan die woord kom? In die voorgeskiedenis van die Matthéusevangelie, in hoofstukke 1-4, kom die gestalte van die Messias geleidelik maar tog duidelik na vore. Matthéus begin sy Evangelie met 'n geslagsregister van Jesus die Christus, *die Messias, Seun van Dawid*. En hoe hierdie Messias is, word duidelik by Jesus se doop deur Johannes. As Jesus die sondaarsdoop ondergaan, dan vereenselwig Hy Homself met die sondaars, en maak hulle sondes tot sy sondes om so hulle sondes weg te dra as die Lam van God. By sy doop sit Jesus sy voete op die weg van selfverloëning, vernedering en lyding, die weg wat sou uitloop op Golgotha. Dit beteken vir Jesus die keuse van 'n bepaalde Messiasideaal, nl. van die lydende kneg van die Here. En die bedoeling van die duiwel se versoeking was om Jesus deur valse Messiasideale af te bring van die weg van die lydende Messias wat God bepaal het. Die duiwel probeer om Christus te oortuig dat die gestalte van 'n nederige lydende sterwende Messias nie pas by die „Seunskap van God” nie. By die doop word Jesus as vervulling van die beloftes van die Ou Testament dat as die Messias kom, Hy met die Heilige Gees toegerus sal wees, dan ook toegerus met die krag van die Heilige Gees, vir sy roeping nl. om as lydende Messias die werke van die duiwel te verbreek, en die godsheerskappy te bring. Dit sê Jesus self duidelik in Matt. 12:28: „Maar as Ek deur die Gees van God die demone verdryf, dan het die koninkryk van God by julle gekom.” Alle gegewens dui daarop dat Jesus in Homself die Messias gesien het en dat in Hom die *basileia* van God gekom het. Alle valse Messiasideale het Hy afgewys: Nie 'n wonder-doener Messias, of 'n Bevryder deur aardse mag, of 'n Messias wat sal beantwoord aan Joods-nasionale aspirasies nie, maar die lydende kneg van die Here wat self deur die dood moet gaan, 'n Messias wat arm is, sagmoedig en nederig en wie se heerlikheid verborge is.

Reeds aan die begin van sy openbare optrede het Jesus in Homself vervul gesien die profesie van Jes. 61:1 vv. van die Messias wat met die Gees van die Here gesalf is, om as Heiland die Evangelie

aan die armes te bring; om die gebrokenes van hart te verbind, om al die treurendes te vertroos. Want as Jesus in die sinagoge te Nasaret hierdie woorde uit Jes. 61:1 v. voorgelees het sê Hy: Vandag is hierdie woorde vervul in julle ore, (Luk. 4:18-21). En met hierdie woorde het Jesus self, so duidelik as maar kan, Homself aangewys as die Messias wat gekom het om die evangelie aan die armes te bring, om al die treurendes te vertroos. Dis dieselfde klanke wat ons uit dieselfde mond in die saligsprekinge verneem. *Gewaar ons dieselfde besondere trekke van hierdie Messias by Hom wat in die Saligsprekinge aan die woord is?* Of gaan in die Saligsprekinge die gestalte van die lydende Kneg van die Here skuil agter 'n sedelike onderrig, 'n moraalprediking, 'n etiek vir die volmaaktes, of iets dergeliks? 'n Antwoord op hierdie vrae sal ons in die Saligsprekinge self moet soek. En so kom ons dan tot die uitleg van die agt saligsprekinge in Matthéus 5:1-12.

5. Die uitleg van Matthéus 5:1-12.

Reeds die inleiding tot die saligsprekinge laat ons sien dat dit hier nie gaan om 'n nuwe wet vir die volmaaktes en voortreflikes nie. Want Jesus rig sy woord in die eerste plek tot die skare, die *ochloi*, vgl. Matt. 5:1. Toe Jesus die skare sien, het Hy op die berg geklim en gaan sit om hulle te leer. Hy rig Homself nie tot die Fariseërs en Skrifgeleerdes en die priesters nie: maar tot die *'am-hā-āres*, die veragte volk van die land. Matthéus gee 'n besondere aksent aan hierdie *ochloi*: dis die menigte van krankes, lydendes die geplaaagdes, die vermoedes en weggesaktes (Matt. 9:36; 11:28-30). Dis hulle wat ontvanklik is vir Jesus se woord en vir die aanbod van die koninkryk.

(a) *Matt. 5:3.*

Die eerste saligspreking geld die armes, die *ptōchoi*: „O, die geluk van die armes want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.” In die Septuagint het *ptōchos* gediens as vertaling van verskillende woorde (*'ebjon*, *'ani* en *'anaw*) sodat *ptōchos* die *wyere betekenis gekry het* van een wat in 'n toestand van bedruktheid, verslaendheid en armoede verkeer. Hierdie saligspreking klink na die vervulling van die profetiese woord van Jes. 61:1 vv.: „Die Gees van die Here is op My, omdat die Here my gesalf het om die blye bood-

skap te bring aan die *anawim*, die ootmoediges." Hierdie anawin is die armes, die bedruktes die stilles in die land, wie se toestand so was, dat hulle in alles slegs op die hulp en genade van God aangewys was. En dis allereers tot hierdie armes en stilles in die land, wat hulle self as bedelaars voor God gevoel het, dat Jesus sy aanbod van die koninkryk rig. Die Messias, die Kneg van die Here wat in Jes. 61:1 v. beloop is, het gekom in die persoon van Jesus Christus. Want as Jesus hierdie woorde van Jes. 61 in die sinagoge te Nasareth voorgelees het, dan se Hy: Vandag is hierdie woorde vervul in julle ore. Dit wil sê dat Jesus in hierdie saligspreking Homself aankondig as die Messias wat in Jes. 61 beloop is. En in die persoon van Christus het die koningsheerskappy van God gekom, is dit daar, en word dit deur Christus aangebied.

(b) *Matt. 5:4.*

„O, die geluk van die treurendes want hulle sal vertroos word." Ook hierdie tweede saligspreking bevat 'n toespeling op Jes. 61 en moet gesien word as 'n vervulling van hierdie profesie! Hy wat deur God as Messias gesalf is, word deur God gestuur „om al die treurendes te vertroos". Ook van hierdie woorde het Jesus gesê: „Vandag is hierdie woorde vervul in julle ore". In hierdie aanbod van troos vir hulle wat treur, kondig Jesus Homself aan as die Messias wat in Jes. 61 beloop is. Dit lê ook in die werkwoord: „sal vertroos word". As van die ou Simeon in Luk. 2:25, 26 gesê word, dat hy die vertroosting van Israel verwag het dan is dit 'n aanduiding vir die verwagting van die Messias. Want „die vertroosting van Israel" is *terminus technicus* vir die vervulling van die Messiaanse verwagting. *Menaḥem*, Trooster is 'n naam vir die Messias, en die uitdrukking: „die vertroosting sien" (*neḥama*) kom dikwels in hierdie sin voor in die Rabbynse geskrifte.⁴ Jesus belowe die Heilige Gees as die *ander Trooster*, want Hyself is die eintlike Trooster. Die woorde: „hulle sal vertroos word" is dus 'n aanbod of aankondiging dat die verlange na die Messias bevredig sal word. So is ook hierdie saligspreking in die volste sin *kerugma* van die eskatologiese koninkryk. En dit beteken dat die Messias, die bringer van die godsheerskappy, die Trooster self daar is! Die troos van God word vir die treu-

rendes aangebied in die persoon van die Messias self.

(c) *Matt. 5:5.*

Die derde saligspreking, prys die ootmoediges gelukkig want hulle sal die 'eres, die *gē*, die land beërwe. Die woorde: „die ootmoediges sal die land beërwe" is geneem uit die Septuagint-vertaling van Ps. 37:11. In Ps. 37:11 het ons die woord '*anawim*, sodat die „ootmoediges" ooreenkom met die „armes" van die eerste saligspreking. Die ootmoediges is hulle wat onder die druk van hulle uiterlike lot geleer het om hulle eie wil te buig voor die onbegryplike wil van God. Die ootmoed is die gepaste gesindheid vir die mens wat voor God staan. Hulle maak geen aanspraak nie, omdat hulle as bedelaars voor God staan. Die ootmoediges sal die land beërwe. Dit gaan in hierdie saligspreking nie om rooskleurige vooruitsigte vir begerige grondbaronne nie, of om die belofte van aardse rykdom en besit nie, of om die ernis van die aardse beloofde land in die sin van Ps. 37:11 nie. Die metafoor wat hier gebruik word, „die land beërwe" is afkomstig uit Israel se heilsverwachting, nl. dat die volk eenmaal ongestoord sal mag woon in die beloofde land as ernis, elkeen op sy eie erfdeel. Die verwagting van hierdie ernis was vir Israel verbode aan die aardse beloofde land, aan die nasionale bestaan van Israel. Die toneel van die heil was hierdie aarde. Maar in die laat-Jodendom, en meer nog in die Apokaliptiek is hierdie verwagting van die aardse losgemaak en aan die transendente verbind. Hierdie wêreld (*hā-ōlam hazze*) behoort aan die heidene. Vir die godsvolk het dit 'n duistere plek van lyding geword. Die hoop is op die komende eeu gerig, die *ōlām habbā*. Dan sal God ingryp en aan sy volk 'n transendente, eskatologiese ernis gee. So is in die taal en voorstelling van die Apokaliptiek die ernis (*klēronomia*) die wonderlike land van die paradys, wat die uitverkorenes in die eindtyd sal beërwe. Hierdie voorstelling van die transendente ernis is in die Christendom oorgeneem „en leef in woorde soos Filip. 3:20: „Want ons burgerskap is in die hemel"; Gal. 4:26: „Maar die Jerusalem daarbo is vry; en dit is die moeder van ons almal." 1 Petr. 1:4 praat van 'n onverganklike en onbesmette en onverwelklike ernis wat in die hemele bewaar word vir ons. Selfs in die taal van

die Rabbyne het die uitdrukking: „die land beërwe” die betekenis van „deel te hê aan die *'ōlām habbā* die komende wêreld”. Dis uit hierdie eskatologiese perspektief dat hierdie woorde verstaan moet word: „hulle sal die land beërwe”. Die futurum van die werkwoord: „sal beërwe” dui die toekomstige, die eskatologiese ernis aan. Die *gē*, die „land”, is die beloofde hemelse erfgoed waarvan die gelowiges hoop dat hulle dit eenmaal in besit sal neem, en wat nou al vir hulle in die hemel bewaar word as die beloofde land, wat volgens 1 Petr. 1:4 „onverderflik onbesmet en onverwelklik is”. In hierdie saligspreking gaan dit dus nie om ’n ryke aardse beloning vir hulle wat die deug van sagmoedigheid beoefen nie. Hier beloof die groot Erfgenaam aan sy mede-erfgename, dat hulle wat as ootmoediges geen aansprake voor God laat geld nie, die allerhoogste sal ontvang. Hulle sal die hemelse Vaderland beërwe. So is ook hierdie saligspreking die aanbod van die eskatologiese Godsryk.

(d) *Matt. 5:6.*

In die vierdie saligspreking word die hongeriges en dorstiges na die geregtigheid, salig geprys; want hulle sal versadig word. Honger en dors is reeds in die Ou Testament beelde vir die verlange na God, (Jes. 55:1: O, almal wat dors het . . . ; Ps. 42:2: Soos ’n hert wat smag na waterstrome; Ps. 63:2: My siel dors na U, my vlees smag na U). Maar so is dit ook in die Nuwe Testament (Joh. 7:37; Openb. 21:6; 22:17). Hierdie hongeriges en dorstiges laat ’n ander aspek van die „armes” van die eerste saligspreking sien. Dit sê dat soos honger en dors die nood van die arme is, so is die versadiging hulle eskatologiese hoop: Hulle sal nie meer honger en dors hê nie (Jes. 49:10; Openb. 7:16). Die honger en dors is die verlange na God, na sy heerskappy, waarin geregtigheid die lewensasem is. Die werkwoord: (*chortasthēnai*) „hulle sal versadig word” in die passief futurum dui aan dat dit God is wat in die eskatologiese toekoms sal sorg vir die versadiging van al die deelnemers aan sy eskatologiese maaltyd. Dit word beloof in hierdie saligspreking. Hierdie maaltyd is die werklikheid van die koninkryk wat Hy aanbied, en waartoe Hy self uitnooi. Dit word aanskoulik gemaak in die gelykenis van die koninklike maaltyd, (Matt. 22:1-14), ’n maaltyd vir sy Seun.

Maar Hy wat hierdie beloftes gee in die saligsprekinge is self die Seun, die Messias. Hy is self die Vreugdebode vir die armes, die Trooster vir die treurendes, die Koning van geregtigheid.

(e) *Matt. 5:7.*

Die vyfde saligspreking lui: „Salig die barmhartiges, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word.” Die barmhartigheid wat hier beloof word, is die barmhartigheid in die gerig, in die laaste oordeel. Die passief en futurum van die werkwoord (*eleēthēsontai*) sê in verholde vorm dat dit God is wat in sy eskatologiese toekoms die barmhartigheid sal bewys. Maar hierdie saligspreking van Jesus plaas die barmhartigheid wat in die laaste oordeel bewys sal word, in onmiddellike betrekking tot die mens se teenswoordige houding. Wie self geen barmhartigheid bewys nie, vind geen ontferming by God nie. (Jak. 2:13: Want die oordeel sal onbarmhartig wees teenoor die wat geen barmhartigheid bewys het nie; en die barmhartigheid roem teen die oordeel”; Matt. 6:12, 13). Hy wat hier van barmhartigheid spreek, is self die Messias, die lydende Knecht van die Here, wat gekom het om in plaasbekledende lyding en sterwe sy barmhartigheid te bewys, en wat eenmaal as Wêreldregter sy barmhartigheid sal bewys aan almal wat met sy barmhartigheid erns gemaak het. Ons barmhartigheid is nie die eerste, en dan syne as loon op *ons* barmhartigheid nie. Hy het ons eerste liefgehad. Ook hierdie saligspreking word toegespits op die ootmoediges, die armes en ellendiges en verdruktes wat tot sover gely het onder die vyandskap van die onbarmhartiges. Die lydende Messias wat agter die ander saligsprekinge staan is ook hier aan die woord.

(f) *Matt. 6:8.*

Die sesde saligspreking: „O, die geluk van die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word.” Die *inhoud* van vredemaker (*eirēnopoios*) is reeds in die Ou Testament voorberei deur die gedagte dat alle vrede die werk van God is. Daarom word die altaar wat Gideon gebou het, in Rig. 6:24 genoem: die „Here is vrede”! God is die God van vrede, (vgl. Rom. 15:23; 16:20, ens.). Die Nuwe Testament beklemtoon dit dikwels dat God eens en vir altyd vrede gestig het deur Jesus Christus, vgl. Ef. 2:14 v.; Rom. 5:1 v.;

Hand. 10:36 — en dit word ook in ons saligspreking veronderstel. In die dae van Jesus is die woorde van Jesaja 52:7, oor „die vredeboede wat vrede laat hoor” en wat in ons saligspreking weerklink gevind het: op die Messias toegepas, sodat gesê is: „As die Messias kom, sal sy eerste woord: Vrede! wees.” In hierdie saligspreking is die Messias, die Vredevoers aan die woord, en belof Hy dat die vrede-makers kinders van God genoem sal word. Die kindskap van God word hier genoem as ’n gawe van die toekomstige wêreld. Dit blyk hier weer uit die passief futurum van die werkwoord: „sal genoem word” Een van die seëninge van die toekomstige eeu sal wees dat die vrede-makers kinders van God genoem sal word.

Die verbinding van die twee wendinge: „vredemakers” en „kinders van God” kom nêrens elders in die Skrif voor nie. Tog is hierdie verbinding in die Ou Testament voorberei in die gestalte van die Messias, soos Hy beskryf word in Jes. 9:5: „’n Kind is vir ons gebore, . . . en Hy word genoem Vredevoers!” ’n Uitdruklike verbinding van beide titels (vredemakers, en kinders van God) het ons in die *Messiaanse uitleg* van die Salomo-belofte in 1 Kron. 22:9 vv: „Want Salomo, (man van vrede) sal sy Naam wees, en vrede en rus sal Ek oor Israel in sy dae gee, en Hy sal vir My ’n Seun wees . . .” So is dan ook in hierdie saligspreking die Messiaanse klank duidelik hoorbaar.

(g) *Matt. 5:9.*

Die sewende saligspreking: „O, die geluk van die reines van hart, want hulle sal God sien.” Met hierdie „sien van God” word in die Nuwe Testament nêrens ’n mistieke „Gottesschau” bedoel nie. Die sien van God is hier as iets toekomstigs bedoel. Dis die aanskouing van God in die toekomstige wêreld, as toppunt van die genadeloon vir die reines van hart, [vgl. Openb. 22:4: „En hulle (die verlostes) sal sy aangesig sien” (in die nuwe Jerusalem); 1 Joh. 3:2: . . . ons sal Hom sien, soos Hy is; 1 Kor. 13:12: Want nou sien ons deur ’n spieël in ’n raaisel, maar eendag van aangesig tot aangesig]. Met die saligheid van die sien van God word in die eerste plaas daaraan gedink dat mens die Wêreldregter in die oë sal kan sien, en nie beskaamd van Hom af hoef weg te vlug nie (1 Joh. 2:28; Matt. 25:41 v.). Om rein van hart te wees, is om van die onsiu-

werheid en dubbelhartigheid van die lewe verlos te wees, om uit die waarheid te lewe, Joh. 3:21; 18:37. Maar dit is iets wat aan die mens wonderbaarlik geskenk moet word. Wat Jesus van die menslike hart sê, is ’n onverbiddelik oordeel, (vgl. Mark. 7:15). Watter menslike hart is rein? Maar dis die Regter self wat hier salig prys. Hy self is die Barmhartige. Sy oordeel is barmhartigheid. In sy kommentaar op die Matthéus-evangelie sê Julius Schniewind oor hierdie saligspreking: „Es wird also in unserer Seligsprechung wie in allen vorigen von Gottes zukünftigen Gericht und von Gottes zukünftiger Welt gesprochen”.

(h) *Matt. 5:10.*

Dat die saligsprekinge Messiaans verstaan wil word — dit is besonder duidelik ook in die agste saligspreking, Matt. 5:10, wat in Matt. 5:11.12 in uitgebreide vorm maar in die tweede persoon herhaal word. Die wat vervolgd word ter wille van Christus, word salig geprys. Sedert Jes. 53 was die verwagting lewendig dat die Messias moes ly. Ook Jesus was bewus dat Hy as Messias sal ly en sterwe. By sy doop het Hy bewus die lydensweg van die lydende Knecht gekies. Hy herinner daaraan: As hulle my vervolgd, sal hulle julle ook vervolgd. Maar as die nood van die vervolging op sy hoogste is, dan kom die koninkryk, die godsheerskappy; dit kom as verlossing uit die hoogste nood! Aan die vervolgd behoort die Koninkryk. Salig is die vervolgd wat hier deel in die lot van die lydende Messias, hulle sal eenmaal in die voleinding deel hê in die koninkryk, in die eskatologiese heil.

En so keer die laaste saligspreking terug tot die eerste, in die herhaling van die belofte van die koninkryk. Daar is ’n eenheid in die inhoud van hierdie agt saligsprekinge. Die armes, die treurendes, die hongeriges en vervolgd is op grond van hulle nood ontvanklik vir die gawes van die koninkryk. Telkens word ’n hoop en wag op God en sy verlossing beskrywe. Ook die barmhartigheid reinheid van hart, die vrede maak is nie selfverworwe menslike deugde nie, maar afkomstig van God wat in sy Christus self die Barmhartige, die Suiwere en die Vredemaker is.

6. *Samevatting*

Die resultaat van ons uitleg kan as volg kortliks saamgevat word:

(a) Die trekke van die Messias wat in die Bergrede en meer nog in die Saligsprekinge aan die woord is, word reeds duidelik in die Vóórgeskiedenis, Mattheüs 1-4. By sy doop kies Jesus om te wees die lydende kneg van die Here wat langs die wag van vernedering, lyde en sterwe sy roeping sal volbring. Die duiwel versoek Hom met valse Messiasideale om Hom te probeer afbring van die lydensweg wat die Vader vir Hom bepaal het. Reeds aan die begin van sy optrede sê Jesus dat in Hom vervul word die profesie van Jes. 61:1, v. van die kneg van die Here wat gestuur is „om die evangelie te bring aan die ootmoediges, om al die treurendes te vertroos”. In die saligsprekinge verneem ons dieselfde klanke uit dieselfde mond.

(b) Jesus was daarvan bewus dat in Hom die koninkryk van God gekom het, dat met sy koms die koningsheerskappy reeds daar is. Daarom kon Hy, waar hy die demone verdryf en die Satansryk verstoort volgens Matt. 12:28 sê: Maar as Ek deur die Gees van God die demone uitdrijf, dan het die koninkryk van God by julle gekom. Daarom kan Hy in die saligsprekinge die Koninkryk belowe! As die Messias bring Hy die *basileia tou Theou*. In die saligsprekinge het ons die selfaankondiging van die Messias en die aanbod van die gawes van die Koninkryk. Hy is self die Vreugdebode vir die armes, die Trooster vir die treurendes: die koning van die geregtigheid. Maar sy heerlikheid is nog verborge. Daarom verkondig die oudste gemeente Hom op verholde wyse, deur die passief van die werkwoorde wat op sy doen betrekking het, te gebruik. Hulle verkondig Hom so, dat Hy self die arme, die nederige en ootmoedige voor God en mense is, (Matt. 11:29; 21:5).

(c) Kenmerkend is die religieuse paradokse in die meeste van die saligsprekinge, waar mense salig geprys word wat na die maatstaf van die wêreld armsalig en ellendig genoem moet word. Hierdie geweldige paradokse bring tot uitdrukking dat dit hier gaan om die enige Geheel-andere van die Koninkryk, wat ingaan teen alle reglynige vanselfsprekendheid by mense. Die koms van die eskatologiese Ryk vereis 'n „Umwertung”, 'n herwaardering van alle waardes.

(d) Dis duidelik dat mense hier gelukkig geprys word nie op grond van beson-

dere deugde of verdienste, of sedelike gehalte nie, maar op grond van hulle gebrek en nood. Hulle nood en ellende maak hulle ontvanklik vir die gawes wat hier aangebied word. Die Saligsprekinge beskryf 'n hoop en 'n wag op God: 'n ontvanklikheid wat deur God vervul sal word.

(e) Ons resultaat is dat ons in die Saligsprekinge, soos ook in die Bergrede nie te doen het met moraalprediking of met 'n hooggespanne interimsetiek, of met 'n hoë etiek wat slegs vir die volmaaktes bedoel is nie, — maar met godsrykverkondiging, waar die Messias as bringer van die koninkryk Self aan die woord is, en waar ons sy gestalte gewaar, al is dit ook op verholde wyse. Om die saligsprekinge te sien as 'n hartroerende lofsang op 'n stel menslike deugde, as 'n lys van morele deugde, as 'n nuwe wet om die menslike lewe te reël, of as 'n nuwe wet vir die uitsoek-vromes, of as hoogste moraal vir elke mens: of as 'n ideale konsep vir 'n sedelike wêreldorde, as 'n program vir immanente wêreldhervorming — dit alles beteken 'n humanistiese en moralistiese vervlakking waarby die sedelike mens of die vroom mens of die wedergebore mens in die middelpunt staan, — en waarby die religieuse diepte en dinamiek van die Bybelse *kerugma* verlore gaan.

Dit gaan in die Bergrede en in die Saligsprekinge nie om wet en reël en gebod nie: maar om evangelie, aankondiging, om aanbod van die Messias self, dat die beloofde koninkryk daar is, in Sy persoon in beginsel gekom het, en strak in volle heerlikheid aan die lig sal tree.

Maar hierdie nadruk op die aanbod van die gawes van die koninkryk beteken nie dat daar vir ons niks meer oorbly om te doen as om passief op hierdie gawes te wag nie. Dit skep nie 'n sedelike lugleegte en 'n passiewe geloofsquietisme nie. Die enigste motief vir die sedelike lewe is hier die gehoorsaamheid aan die volstrekte wil van God, soos dit geopenbaar en geskenk is deur Jesus Christus. Die sedelike lewe van die Christen kry sy inhoud en vulling nie vanweë 'n formele beginsel van handeling of van weë die outonome mens nie, maar vanweë die persoon van die lydende Messias en Verlosser, Jesus Christus self. Waar sy wil gedoen word, daar het sy koningsheerskappy gekom. As ons antwoord gee op hierdie aanbod van die koninkryk, as ons antwoord met geloof en

gehoorsaamheid en dankbaarheid dan is dit die grootste aktiwiteit. Die enigste imperatief wat ons hier verneem, is die imperatief wat rus in die indikatief van die genade wat ons ontvang het, die imperatief wat vir ons sê: *Word en wees*, wat jy deur Gods genade reeds *is!* Hierdie ge-

hoorsaamheid aan die wil van God is die hoogste aktiwiteit, want dit word gevoed en gedra deur die dinamiek en die vrugte van die Heilige Gees.

Hartlike dank vir u teenwoordigheid en vir u aandag.

S. P. J. J. van Rensburg.

AANTEKENINGE.

1. Vgl. A. M. Brouwer, *De Bergrede*. N.V. Ruys Uitgeversmaatschappij, Zeist, 1929, bls. 161 vv.
2. a.w. bls. 164 vv.
3. Vgl. *Theologisches Wörterbuch zum Neuen Testament*, IV, S. 365-373.
4. P. Volz, *Jüdische Eschatologie*, S. 305.
5. Julius Schniewind. *Das Evangelium des Matthäus, übersetzt und erklärt*. Vandenhoeck und Ruprecht in Göttingen. (*Das Neue Testament Deutsch*) S 47.

PUBLIKASIES IN DIE REEKS VAN DIE UNIVERSITEIT.

1. „Gids by die voorbereiding van wetenskaplike geskrifte” — Dr. P. C. Coetzee.
2. „Die Aard en Wese van Sielkundige Pedagogiek” — Prof. B. F. Nel.
3. „Die Toenemende belangrikheid van Afrika” — Adv. E. H. Louw.
4. „Op die Drumpel van die Atoomeeu” — Prof. J. H. v.d. Merwe.
5. “Livestock Philosophy” — Prof. J. C. Bonsma.
6. “The Interaction between Environment and Heredity” — Prof. J. C. Bonsma.
7. „Verrigtinge van die eerste kongres van die Suid-Afrikaanse Genetiese Vereniging — Julie 1958”.
8. „Aspekte van die Prysbeheersingspolitiek in Suid-Afrika na 1948” — Prof. H. J. J. Reynders.
9. „Suiwelbereiding as Studieveld” — Prof. S. H. Lombard.
10. „Die Toepassing van fisiologie by die bestryding van Insekte” — Prof. J. J. Matthee.
11. “The Problem of Methaemoglobinaemia in man with special reference to poisoning with nitrates and nitrites in infants and children” — Prof. D. G. Steyn.
12. “The Trace Elements of the Rocks of the Bushveld Igneous Complex.” Part 1. — Dr. C. J. Liebenberg.
13. “The Trace Elements of the Rocks of the Bushveld Igneous Complex. Part II. The Different Rock Types” — Dr. C. J. Liebenberg.
14. “Protective action of Fluorine on Teeth.” — Prof. D. G. Steyn.
15. “A Comparison between the Petrography of South African and some other Palaeozoic Coals.” — Dr. C. P. Snyman.
16. „Kleinveekunde as vakrigting aan die Universiteit van Pretoria” — Prof. D. M. Joubert
17. „Die Bestryding van Plantsiektes.” — Prof. P. M. le Roux.
18. „Kernenergie in Suid-Afrika.” — Prof. A. J. A. Roux.
19. „Die soek na Kriteria.” — Prof. A. P. Grové.
20. „Die Bantoetaaikunde as beskrywende Taalwetenskap.” — Prof. E. B. van Wyk.
21. „Die Statistiese prosedure: teorie en praktyk.” — Prof. D. J. Stoker.
22. „Die ontstaan, ontwikkeling en wese van Kaak-, Gesigs- en Mondchirurgie” — Prof. P. C. Snijman.
23. “Freedom — What for.” — K. A. Schrecker.
24. “Once more — Fluoridation” — Prof. D. G. Steyn.
25. „Die Ken- en Werkwêreld van die Biblioteekkunde” — Prof. P. C. Coetzee.
26. „Instrumente en Kriteria van die Ekonomiese Politiek n.a.v. Enkele Ondervindinge van die Europese Ekonomiese Gemeenskap.” — Prof. J. A. Lombard.
27. “The Trace Elements of the Rocks of the Alkali Complex at Spitskop, Sekukuniland, Eastern Transvaal.” — Dr. C. J. Liebenberg.
28. „Die Inligtingsprobleem.” — Prof. C. M. Kruger.
29. “Second Memorandum on the Artificial Fluoridation of Drinking Water Supplies” — Prof. D. G. Steyn.
30. „Konstituering in Teoreties-Didaktiese Perspektief” — Prof. F. van der Stoep.
31. „Die Akteur en sy Rol in sy Gemeenskap”. — Prof. Anna S. Pohl.
32. “The Urbanization of the Bantu Homelands of the Transvaal” — Dr. D. Page.
33. „Die Ontwikkeling van Publieke Administrasie as Studievak en as Professie.” — Prof. J. J. N. Cloete.
34. „Duitse Letterkunde as Studievak aan die Universiteit.” — Prof. J. A. E. Leue.
35. „Analitiese Chemie” — Prof. C. J. Liebenberg.
36. „Die Aktualiteitsbeginsel in die Geologiese navorsing” — Prof. D. J. L. Visser.
37. „Moses by die Brandende Braambos” — Prof. A. H. van Zyl.
38. “A Qualitative Study of the Nodulating Ability of Legume Species: List I” — Prof. N. Grobbelaar, M. C. van Beyma en C. M. Todd.